**HOËRSKOOL**
# BREDASDORP
**HIGH SCHOOL**

**Nuusbrief**
**Newsletter**
10 | 2025
17 |04| 2025

## BELANGRIKE DATUMS

Thu 17 April: Touring team (Prince Harry Grammer School) visit (u/15, & u.16 rugby, netball)
Vry 19 April: VAKANSIEDAG
Ma 22 April: VAKANSIEDAG
Netbal o/16, o/17, o/18 Overberg proewe
Wo 23 April: UCT Wiskunde Olimpiade (Kaapstad)
Landloop liga
Beheerliggaamvergadering
Rugby & Netbal vs Gansbaai Akademia (weg)
Wo 23 & Do 24 April: ATKV Redenaars (HS Bellville)
Do 24 April: Hartklopperiode & Algemene Kennis-toets
Hokkiewedstryde vs HS Robertson (weg)
Rugbyproewe (Suid-Boland vs Noord-Boland)
Sa 26 April: Rugby & Netbal vs HS Robertson (weg)
Skaak: Wes-Kaap Kampioenskappe

## GELUKKIGE VERJAARSDAG

30 April: Mnr Andries Swart

**JAARTEMA:**
**VOETSPORE**

**TERM THEME**
Carbon Footprint




## PERSONEEL

Baie geluk aan mnr Sebastiaan Niewoudt wat 'n toekenning van Helpmekaar Studiefonds gekry het. Hy het as student met hul finansiële hulp by CPUT studeer en as toppresteerder uitgeblink.




**Hoërskool Bredasdorp**

**VISIE 2025**
**Sukses deur Toewyding**

**Bredasdorp High School**

**VISION 2025**
**Success through Dedication**

**REVUE 2025**

**Dagboek solank die volgende datums:**
**13 & 14 Augustus 2025**

**Please save the following dates:**
**13 & 14 August 2025**

## AKADEMIE




**LOOPBAANUITSTALLING: 14 APRIL 2025**
Die jaarlikse HSB-loopbaanuitstalling was weer vanjaar 'n reusesukses. Die instansies was baie beïndruk met die BD's se gedrag en belangstelling. Dankie BD's!

Baie dankie aan elke persoon wat toesig in die klasse gehou het.

## KRINGE-TOER

Die 2025 graad 11-klas was van 13 tot 15 April op die jaarlikse Kringe-toer en wat 'n belewenis was hierdie BD-tradisie nie!

Sondag het hulle Monkeyland en Birds of Eden besoek. Hulle kon ook kennis maak met verskeie wildekatspesies soos tiere, leeus en luiperds by Jukani.

Maandag het hulle vroegoggend by die gedenksteen van Dalene Matthee bymekaargekom en 'n sirkelroete in haar geliefde Knysna-bos saam met opgeleide gidse gestap. Hier kon hulle eerstehands kennis maak met die onderskeie boomsoorte waarvan in hulle Voorgeskrewe roman melding gemaak word. Daarna het hul die Wolf sanctuary besoek en waardevolle kennis oor hierdie interessante diere uitgevind. Die " touch farm" het definitief vir baie pret gesorg. Die hoogtepunt van die dag vir baie BD's was hulle kennismaking met die bosreuse by The Elephant park. Om die Oupote te kon voer en saam met hulle vir foto's te poseer, was beslis 'n unieke ervaring. Die bedrywige dag is afgesluit met 'n heerlike ete by The Lookout Restaurant in Plettenbergbaai.

Dag 3 van die jaarlikse Kringe-toer het afgeskop met 'n heerlike ontbyt by Harkerville Lodge, waar die gr11 BD's gedurende die toer tuisgegaan het. Daarna het hulle vanaf die Knysna waterfront met 'n veerboot na die aangrensende eiland gereis. Met groot viertrekvoertuie is almal tot op die hoogste punt vervoer, vanwaar hulle 'n asemrowende uitsig op die Knysna-koppe, die oseaan en die omliggende berge kon geniet. Tydens die staproete tot onder, is die gr 11's verder beloon met Knysna se besondere natuurskoon en kuslyn. Terug op land is hulle getrakteer op 'n heerlike middagete by die Featherbed maatskappy se restaurant. Na die lekker toer is die BD's opnuut bewus van ons Skepper se hand in ons pragtige land.



## SPORT

### BELLVILLE SPORTDAG

**RUGBY**

**Arrie Nel Apteek** O/14A vs HS Jan van Riebeeck: wen 17-14

**Arniston Spa Hotel** o/15A vs HS Bosmansdam: wen 33-5

**Rola** o.16A vs HS Jan van Riebeeck: verloor 3-19

**Overberg Wealth & Risk Management** o.19A vs HS Jan van Riebeeck: wen 26-0

**HOKKIE**

Meisies **ASC Laboratories** o/19A
5's - verloor 1-7 vs HS Bellville B
Astro - wen 1-0 vs HS Overberg

Seuns **Chas Everitt** o/19A
5's - verloor 2-4 vs HS Dirkie Uys
Astro - verloor 0-1 vs HS Bellville A



OVERBERG WEALTH & RISK MANAGEMENT o/19A



ARRIE NEL APTEKE o/14A



ARNISTON HOTEL & SPA o/15



**CHAS EVERITT** o/19A SEUNSHOKKIE



**ASC LABORATORIES** o/19A DOGTERSHOKKIE

**Netbaluitslae Bellville Sportdag**
(Speler van die wedstryd in hakies)

o/16A vs
* Weskus School WEN 18 - 4 (Nanicke Odendaal)

* Porterville WEN 18 - 5 (Jay-Lee Abrahams)

* Dirkie Uys VERLOOR 5 - 11 (Melo Dlamini)

* Westcliff School of Skills WEN 7 - 0 (Erin Salo)

* Tygerberg HS WEN 7 - 6 (Avela Ncolo)

**Rola** o/19 vs
* Tygerberg VERLOOR 17 -27 (Junicke Newman)

* Bellville VERLOOR 12 - 32 (Owethu Maqhutyana)

* Dirkie Uys WEN 26 - 20 (Madelein Engel)

o/14 A vs
* Porterville WEN 18 - 1 (Georgia Salo)

* Tygerberg - WEN 9 - 4 (Tania Hakuna)

o/15A vs
* Tygerberg - VERLOOR 8 - 9 (Jordyn Cooper)

* Bellville - GELYK 11 - 11 (Christilze Kotze)

* Fairmont WEN 16 - 2 (Melissa Saayman)

**JAARTEMA**
Voetspore

**NETBAL**

Baie geluk aan die volgende netbalspelers wat deur is na die Wes-Kaap Rondte 1 Proewe:

o/15:
- Lianie Treurnicht - HD
- Melissa Saayman - AV
- Christelize Kotzé - VV
- Alicia Mukaratirwa - VV
- Lindzé Diedericks - V

o/14:
- Georgia Salo - HD
- Lienke Erasmus - HD
- Joy Mataga - S
- Nika Terblanche - S
- Jaylin Gertse - HV
- Zoë Koopman – V

Die volgende rondte word op 17 Mei 2025 plaaslik gespeel:
o/14 by LS Bredasdorp
o/15-o/18 by HS Bredasdorp



o/15-netbalspelers:
Agter vlnr: Alicia Mukaratirwa, Melissa Saayman
Voor vlnr: Christelize Kotze, Lindzé Diedericks, Lianie Treurnicht



o/14-netbalspelers:
Agter vlnr: Zoë Koopman, Lienke Erasmus, Joy Mataga
Voor vlnr: Jaylin Gertse, Georgia Salo, Nika Terblanche

**RUGBY: SPELERS IN SUID-BOLAND RUGBYSPANNE OPGENEEM**

Baie geluk aan die volgende o/16 & o.18 BD-rugbyspelers wat in Suid-Boland A en B-spanne opgeneem is:

o/16A: Lian Uys
o/16B: Graham Eyles
Elam Mkapheni
Jan-Carel Lochner
Hugo Pretorius
Whalied Fortune

o/18A: Nolé Zedras
o/18B: Urlinn Henecke
Ruan Temmers
Prosper Kaitano
Alexander Janse van Rensburg

Ons wens hulle sterkte toe vir wanneer hulle op 24 April, in Worcester, vir Suid-Boland teen Noord-Bolandspanne op die veld gaan draf.




Agter vlnr: Lian Uys, Jan-Carel Lochner, Graham Eyles
Voor vlnr: Hugo Pretorius, Elam Mkapheni, Whalied Fortune

**LANDLOOP:**
**UITSLAE LS OVERBERG (16 APRIL 2025)**

Nike Terblanche 4km D o/13 4de,
Khazimla Duti 4km B u/14 6th,
Jan-Carel Lochner 6km S o/16 3de
Shawon Jonas 6km B u/17 4th

**JAARTEMA**
**Voetspore**



Shawon Jonas & Jan-Carel Lochner



Caiden Vyver, Nike Terblanche, Khazimla Duti, Aaron Moyo

**KWARTAALTEMA**
Koolstof Voetspoor



**SWEM**


Hugo Pretorius, gr 10, het op 29 Maart in Oos-Londen aan die Swem Vlak 2 Streekskampioenskappe deelgeneem en die volgende uitslae behaal:

- Silwer in 50m Rugslag
- 4de plekke in 200m Rugslag, 100m Rugslag, 50m Vlinderslag, 100m en 50m Vryslag.

Baie geluk, Hugo!



Mnr. Hermie Steenkamp van **STEENKAMP WEALTH**, het pragtige hempies aan die tennispersoneel geskenk. Ons is opreg dankbaar daarvoor.
Op die foto is mnr Steenkamp saam met die tennisorganiseerder, mnr JP Terblanche





Baie dankie aan mnr Ferdie Naudé van **VOERMOL** vir die finansiële bydrae tot die eerste rugbyspan se rugbybroekies.
Hoërskool Bredasdorp waardeer u betrokkenheid by ons rugbyspelers.

Op die foto is mnr Thys Kriel, borge-koördineerder, saam met mnr Ferdie Naudé van **VOERMOL**.

**Hoërskool Bredasdorp**

**VISIE 2025**
**Sukses deur Toewyding**

**Bredasdorp High School**

**VISION 2025**
**Success through Dedication**

Footprints

2025

Twin D Tours

Antoinette

Spur

SRS

STAR SIGNS

packtown

OVERBERG WEALTH & RISK MANAGEMENT

adelldesigns

JEB CONNECT

AGRIMARK

LBF PROKUREURS ATTORNEYS

ROLA TOYOTA

PAINTSMITHS

HEUNINGBERG MEDICAL

OCTOTEL

LMI SKALE / SCALES Bredasdorp Tel: 028 425 1463

InteliGro intelligent crop solutions

OJ PLANT HIRE

KING CHICKEN MONEY WELL SPENT

CHAS EVERITT INTERNATIONAL PROPERTY GROUP

ASC LABORATORIES

AFRI POINT PLUMBING & GAS 078 832 6413

OVERBERG SPECIALITY FOODS

OVERBERG SINCE 1918

bvsa

ROLA

NATION MUSHROOMS

Build it

Harcourts Cape Agulhas

Gemini Alu

SUPERSPAR BREDASDORP